LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

14-03-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 10 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2016:**

Baie geluk aan Danielle Verwoerd wat 'n 1ste plek (goud) verower het in die 800m en 'n 2de plek (silwer) in die 1500m op SA's die afgelope naweek. Baie geluk ook aan Marli Schoeman wat haar persoonlike beste tyd gehardloop het. Ons as Volkies is super trots op julle!

2 **SNOEPIE**:

Die snoepie se spyskaart vir die hierdie week is:

Maandag: Verskeidenheid pizza, pasteitjies en broodjies tussen R8 en R10.
Dinsdag: Hamburgers @ R13;
Woensdag: Maalvleis Kerrie en Rys @ R15;
Donderdag: Pizza @ R10
Vrydag: Geen kos nie a.g.v skool wat 10:00 sluit.

3 **KOOR**:

Junior koor oefen Maandag, 13:15 - 14:00
Senior koor oefen nie Woensdag nie.

4 **SKAAK**:

- Daar sal geen skaakoefening wees hierdie week nie.
- Baie sterkte aan Div en Brandt Huisamen en Lisa-Marie De Villiers wat in die Maart-April Vakansie aan die Suid-Afrikaanse Geslote Skaakkampioenskappe in Bloemfontein gaan deelneem!

5 **RUGBY**:

Geen rugby-oefening vir 0/9-0/13 spanne hierdie week nie! Die bulletjies oefen wel Maandag en Woensdag.

Datums om te onthou:

- Super 8 rugby- en netbal vind vanjaar weer plaas in Kroonstad vanaf 8-9 April. Alle Super 8 gelde moet so gou moontlik inbetaal word. Onthou asb om vir u as ouers verblyf te bespreek, die gastehuise is beperk.
- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS!
- Ons soek nog na Afrigters vir 0/11B en 3de span asb!

6 **NETBAL KONKA TOERSPAN:**

Dinsdag, 15 Maart werk die dogters by Spur vanaf 18:00 tot 20:00.

7 **NETBAL 2016:**

- Daar sal van môre af geen Mini-Netbal wees nie.
- Dinsdag en Donderdag: 0/9 - 0/13 - Slegs oefening vir A en B spanne om Super 8 spanne uit te sorteer.

8 **BLOEDSKENK**:

Ons skenk weer bloed op Saterdag, 19 Maart vanaf 08:30 tot 13:30 in die skoolsaal. Ons vra asb dat ouers en hulle vriende ons sal kom ondersteun.

9 **VOLKIE VERE KLEREWINKEL:**

Volkie Vere sal oop wees op Maandag, 4 April vanaf 09:00 tot 14:00.

10 **FOTODAG**:

Datum:	Woensdag, 16 Maart 2016
Wie:	Al die atlete, m.a.w. van kleuters tot seniors
Klere:	Atletiekklere en Provinsiale klere

11 **KOPLUISE**:

Hierdie is 'n ernstige probleem onder die leerders. Ouers moet asb. almal hul kind/kinders se koppe deursoek. Dié wat 'n probleem het, moet asb hulle hare behandel met verkieslik **Contralise**. Aangesien hierdie probleem in 'n siklus van 21 dae herinfesteer, is dit noodsaaklik om die luise en nete geheel en al te elimineer voordat die leerder kan terugkom skool toe. Dit is hoogs oordraagbaar en kan maklik 'n epidemie veroorsaak! Help asb om die probleem op te los. Dogtertjies met lang hare moet styf gevleg word totdat die probleem opgelos is en seuntjies se hare kort gesny asb.

12 **AANDAG GRAAD 1-2 OUERS:**

Die Graad 1-2 leerders gaan vanaf die 2de kwartaal om 13:00 verdaag a.g.v. die Tweede Addisionele Taal - Zulu - wat as vak aangebied word.

13 **VOORTREKKERS**:

Kwartaal afsluiting is Dinsdag, 15 Maart 17:00 - 18:00 by die Gereformeerde kerk.
Die Verkenners het vir ons 'n lekker afsluiting beplan: Penkoppe, Drawwertjies, Verkenners en Offisiere kom in nagklere en bring jul gunsteling slaapspeelding saam.
Elke span sorg vir sy eie eet en drinkgoed (en kombers om op te sit).
Ons gaan lekker "pajama" partytjie hou en Verkenners gaan sorg vir die slaaptyd storie.

14 **HARTKLOP**:

Dit is amper weer vakansie en ons vra asb. hulp met die volgende:

GR 7	GR 6	GR 5	SPO
Koekies seep Deodorant/Roll-on	Tandepaste Toiletpapier	Sjampoo Handeroom	2 minute noedels
GR 4	*GR 2*	*GR 3*	Baie dankie vir u ondersteuning!
Blikkies kos *Aanmaak koeldrank*	*Blikkies kos* *Melk (Lang lewe of Poeier)*	*Grondboontjiebotter* *Konfyt*	
GR 1	GR RR	GR R	
Blikkies vleis/vis	Handwas seeppoeier Margarien	Koffie/Tee Koekies	

- Die maatskaplike werker, Mev Hilda Griffiths, gaan voortaan die Hartklop projek van Laer Volkskool hanteer. Indien daar enige behoefte is mag u haar kontak by: 071 434 5277.

15 **RAPPORTE EN OUERAAND**:

- Al die leerders se ouers kan hulle rapporte Donderdag, 17 Maart 2016 vanaf 17:00 tot 19:00 by die registerklasse gaan afhaal.
- Die skool sluit Vrydag, 18 Maart 2016 om 10:00. Leerders wat nie teenwoordig is nie, word afwesig gemerk.

16 **SA DANSGROEP:**

Pas de Chic, is die dansgroep van Hoër Volkskool Heidelberg wat aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem.
Kom ondersteun hulle op Donderdag, 17 Maart 2016 om 19:00 by Hoër Volkskool.
Toegang vir volwassenes is R40 en skoolgaande leerders is R20.

17 **LEGO KLUB:**

Mnr Karel Fourie bied op Vrydae 'n Lego klas aan tussen 2 en 3 in Mnr Cassie se klas (k. 23), vir leerders wat belangstel. Dit kos R300 per kwartaal of die ouers kan dit maandeliks ook betaal. Kontak hom vir enige navrae by 082 439 8144.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF